

15 Januarie

**Skrifgedeelte: Sefanja 2:1 – 3:7 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Sefanja 2:11**

### **God openbaar sy geregtigheid**

Hoe meer die tegnologie ontwikkel, hoe meer ingewikkeld word die mens se problematiek. Namate die mens hoër hoogtes in die wetenskap bereik, hoe laer daal hy in sy waardes. En te midde van dit alles word die mens al meer hoogmoedig. Hy maak homself die sentrum van sy bestaan.

“Vreeslik sal die Here teen hulle wees”... (vers 11). In hierdie oordeel word die hele wêreld betrek: Filistea in die weste, Moab en Ammon in die ooste, Kus in die suide en Assur in die noorde. God laat die mens se gode wegteer. Alles wat die mens vir homself geskep het om daarop te vertrou, sy toekoms te bou en homself groot te maak, kwyn weg. Die mens redeneer dat hy deur sy opofferings, harde werk en toewyding vooruitstrewend sal word (vgl Deut 32:37,38). Maar die Here neem die mens se krag, vrugbaarheid en kennis stelselmatig weg, sodat die mens self wegkwyn. En daarmee kwyn sy selfgemaakte gode ook weg.

Uiteindelik sal sy wetenskap nie meer die antwoorde gee nie, sy berade nie meer oplossings bied nie en sy hulpprogramme nie meer uitkoms bring nie.

Wat wil God bereik? “Sodat hulle Hom kan aanbid elkeen uit sy woonplek” (vers 11). God soek die mens op. Reeds in die paradys het Hy dit gedoen. Hy wil sy handewerk en die verhouding wat Hy geskep het, nie tot niet laat gaan nie. Deur Jesus Christus herstel Hy die verhouding as Hy die sonde aan die kruis straf. Wie hierdie genade gelowig aanvaar word deel van God se volk, ‘n volk uit al die windrigtings. Die evangelie sou versprei na die weste en suide (Hand 8), na die ooste (Mark 7) en noorde. Al hoe meer mense sal voor Hom buig en erken dat Jesus Christus die Here is.

*Sing: Psalm 105:3*

*Ds CA Jansen (Welkom-Noord)*